# SNELLER



SUNEL COMBRINCK

# HOOFSTUK 1
## *Inneke*

"Ons vat hom by die horings!" basuin Jay en Lianie May dit by die snoepie uit.

"Vrekkit." Inneke druk met geweld die sleutels op haar selfoonskerm wat per ongeluk by TikTok ingegaan het en nou daarop vashaak. Rondom haar word almal stil. Een vir een begin almal na haar staar.

Hoekom werk die vervlakste toepassing sonder dat jy daarop ingeteken is? Sy karring verder aan haar foon terwyl Jay deur die luidspreker sing: "Maak hom mooi, maak hom sag, maak hom mak, maak hom joune."

"Flip!" Sy skrik, wip en bloos gelyk. Die stuk duur tegnologie val soos lood grond toe en tref die sementvloer met 'n hengse slag.

"Da vat hy. My bokkie …" speel die laaste woorde nog en word skielik stil toe die TikTok-video sy einde bereik.

"Da vat hy my bokkie?"

Sy word doodstil. Spot sit dik in die stem van die persoon in wie sy vasgeloop het. Met 'n vinnige beweging buk sy af, maar 'n groot, warm hand vou om hare terwyl hulle albei die foon probeer optel.

"Jammer dat ek teen jou vasgeloop het." Sy kyk vas teen 'n

matriekseun, verklap deur die kortbroek wat sy vanoggend geleer het matriekdrag is.

"Dis nie 'n big deal nie. Is jy oukei?"

Sy stem is die tipe diep wat enige meisie se bene sal lam maak, maar dit staan nie 'n kat se kans teen sy oë wat haar laat dink aan 'n reënwoud wat jou innooi om daarin te verdwaal nie. Boonop beklemtoon die glimlag sy wang- en kakebeenstruktuur.

Hy's aantreklik. Maklik een van dié aantreklikste ouens wat sy in 'n lang ruk gesien het, maar sy selfvertroue laat verskeie sirenes in meervoud afgaan.

"Ek's oukei."

Hulle hurk steeds. Sy hand bly op hare en die geur wat aan hom kleef, is speserye vermeng met leer. Dit maak die gedruis van haar onstuimige hart kliphard in haar ore. Simpel, verraderlike hormone.

Hy kyk op. "Ek het jou nog nie voorheen hier gesien nie?" Haar keel begin toetrek en haar lyf word ongemaklik warm van sweet wat oral uitslaan. Hou 'n lae profiel, Inneke, hoor sy haar stiefpa se woorde in haar ore weergalm. En hierdie situasie wat almal se aandag trek, is nié die manier om 'n lae profiel te hou nie. Almal staar hulle oopbek en nuuskierig aan.

Dis nou of nooit, Inneke.

Nog voor sy haar selfoon kan optel, neem die matriekseun dit onder haar greep uit. Hy vou haar hand in syne toe en trek haar saam met hom regop.

Wat doen sy nou? As sy te lank soos 'n bok voor haar uitstaar, gaan sy beslis 'n groter gek van haarself maak, maar die kanse is groter dat haar woorde erger skade kan doen. Sy trek haar asem diep in.

Nee, nou moet sy haar regruk en hom hanteer soos enige ander ou waarvan sy bitter vinnig moet vergeet. Hy's die tipe gevaar waarvan sy ver weg moet bly. Hel, as sy dit onthou het met Marko 'n jaar gelede, sou sy nie die hooftrekke in Bloemfontein

gehaal het nie. Haar ma sou dalk nie so koud en wreed teenoor haar gewees het nie. Nee, Zelda Martins née Viljoen sou haar steeds soos gemors hanteer en weer getrou het om weereens ’n vroutjiesalaris te verdien. Hulle sou steeds Centurion toe getrek het en vandag sou waarskynlik steeds gebeur het.

So, sy trek eerder haar skouers regop, hou haar hand uit en staar die aantreklike vreemdeling voor haar vierkantig in die oë. “Dankie vir my selfoon, uhm ... Ek het geen idee wie jy is nie, anders sou ek jou naam gebruik het.”

Sy glimlag word ’n effense frons en sy oë rek. “Logan van Greeff.” Sy gesigsuitdrukking verander vinnig in iets waarvoor sy nie kans sien nie: belangstelling. “As ek mag vra, wat’s jou naam?”

Sy staar voor haar uit en voel soos ’n wilde dier wat in ’n kar se ligte staar. Hoekom? Hoekom kon sy nie net onder die radar gebly het soos haar stiefpa voorgestel het nie? Hoekom moet sy wéér aandag trek? Sy weet van beter! Wat laas gebeur het, was ’n les moeilik genoeg.

Sy sluk. Die herinnering aan wat verlede jaar by haar vorige skool gebeur het, spook skielik in haar gedagtes. Nie weer nie. Sy sal nooit weer so onnosel wees nie.

“Dankie, Logan.” Met ’n effense strekbeweging probeer sy haar foon by hom neem.

“Jy’t my nog nie geantwoord nie.” Hy hou sy hand wat haar foon gevange hou bokant sy kop. “Wat’s jou naam?”

“Ek gaan jou ook nie antwoord nie. My foon, asseblief.” Sy kyk stip teen sy bors vas. Kan een mens regtig so lank wees?

Hy antwoord nie. Hy het sy arm laat sak en sy vingers vlieg oor haar selfoonskerm.

Wat doen hy nou? Die oproepbladsy op haar selfoonskerm verskyn en sy trek haar oë op ’n skreef. Hy tik ’n nommer op die skerm asof dit sy selfoon is en druk die telefoonikoon om ’n oproep te maak. Plaas sit sy ’n skermwagwoord op.

“Wie bel jy?” Inneke moet byna op haar tone staan en teen Logan leun om haar foon te probeer kry.

Dis seker die beweging van haar lyf teen syne wat veroorsaak dat hy dadelik na haar kyk.

Hy sluk. Hou sy asem op. Hoekom?

In 'n breukdeel van 'n sekonde ontspan hy egter. Hy haal sy luiende foon uit sy blazersak en hou haar foon weer buite haar bereik. "Ek kry jou nommer." Die weerkaatsing van haar naam op sy foon soos die identifiseringstoepassing dit uitspel, laat hom breed glimlag. "Inneke Viljoen." Haar naam rol omtrent oor sy lippe.

"Cheap manier om my naam te kry." Sy gooi vir hom 'n skewe kyk en sak weer plat op haar voete op die grond neer.

"Dalk." Hy hou haar foon voor hom en tik weer iets.

Wat's die punt om dit te probeer kry? Dit werk duidelik nie. Sy vou haar arms en probeer die tonne kyke van meisies en barbaarse kommentaar van ouens op die skoolgrond ignoreer. Kan die aarde haar net insluk?

"Ek sal jou vanaand so sesuur se kant oplaai." Hy gee haar foon met 'n kampioenglimlag terug. "Ek het geen idee wat ons gaan doen nie, so, ek sal jou eers teen môre laat weet."

Sy knip haar oë 'n paar keer om seker te maak dat sy nie in een of ander waansinnige droom vassit nie. "Wag, vanaand?"

Sy arm wat hy oor haar skouer drapeer, is swaar en die gevoel daarvan verklik dat sy nie droom nie. Hierdie nagmerrie gebeur regtig en sy lyf teen haar rug maak haar sonder waarskuwing baie bewus van elke beweging tussen hulle.

Met 'n slinkse beweging trek hy weer haar foon nader, karring daaraan en gaan by haar boodskappe in. "Sien …"

Sy asem kielie haar vel. Toe sy haar kop draai, is haar gesig so naby syne dat hulle amper elke skoolreël oor fisieke kontak verbreek.

Sy asem ruik soet en sy oë vang hare vas — Cream Soda-groen oë waarin sy vir 'n oomblik wil verdrink.

"Uhm … so …"

'n Onverwagse bewerigheid van sy hande laat haar glimlag.

Selfs Casanova kan oor sy voete val, maar sy selfvertroue word nie verder getemper nie.

Hy wys die boodskap weer uit. "Hier het ek jou op 'n date gevra, en hier het jy geantwoord dat dit reg is."

Sy draai terug na haar selfoon toe. Die bliksem het wragtig homself op haar foon op 'n date gevra en homself geantwoord! Net toe sy hom wil uitdinges, vou sy linkerhand om haar gesig.

Hy draai haar terug na hom toe, hou sy hand onder haar ken om haar gesig 'n klein bietjie nader te trek en leun nader. Sy wenkbroue is in 'n fronsplooi getrek. Dis stil, so asof tyd en klank rondom hulle uitdoof en stilstaan.

Alles omtrent hierdie vreemdeling voel soos 'n dwelmmiddel wat sy moet vermy.

Sy asemhaling is bewerig en vinnig. Hoendervleis dans oor haar vel terwyl sy vingers veerlig oor haar wang gly en haar hare agter haar oor indruk. As een van hulle moet beweeg, sal hulle mekaar soen en dan is al haar weerstand daarmee heen.

Hy vou weer sy hand om haar gesig. Dié keer sluk sy. Sy sluit haar oë toe hy haar gesig 'n bietjie lig.

"Lekker, Logan! Stoetbul tussen die koeie."

Hy los haar dadelik. Op dieselfde oomblik gee sy die blondekop-matriekseun wat bulderend lag 'n dodelike kyk.

"Dankie, Pierre. Jy's 'n moerse goeie vriend." Logan skud sy kop, en sy nuuskierigheid van oomblikke terug verander na 'n glimlag wat sy haat. Die tipe glimlag wat vir ander wil wys dat hy die grootste ego en reputasie van hulle almal het, die tipe wat sy vriende verder wil beïndruk. "So, Inneke, ek neem aan dis dan 'n date?"

Windgat. Sy blaas haar asem stadig uit. Vir 'n oomblik het sy haar verbeel daar is dalk iets omtrent hierdie ou. Iets wat haar weer in 'n gat sal laat aftuimel waarin sy haar nerfaf val. Maar nee. Logan van Greeff is die tipe ou waarteen haar ma haar waarsku. Die tipe wat vasgevang is in sy pa se geld. Wat meisies se harte breek en boekhou daarvan. Hy's die tipe ou

waarmee jy trou wanneer jy vyf en twintig is en 'n toekoms soek, omdat hy dan dalk grootgeword het en ryk gaan erf. Maar op skool is hy die tipe wat jou sal breek.

"Nee." Sy glip onder sy arm uit en draai om om na die oorkantste klasse toe te stap.

"Gee my een rede hoekom nie?" Sy stem weergalm oor die hele skoolterrein.

Sy gaan staan en draai stadig om. Almal kyk stip na hulle en daar is selfs 'n paar wat duidelik video's van die petalje neem. Gelukkig het sy 'n jaar terug by haar sosialemediaprofiele uitgeteken en nooit weer daarop ingegaan nie. Iets soos dié video sal die verkeerde aandag trek.

"Ek stel nie belang in ouens soos jy nie, Logan van Greeff. Jou ego is groter as jou spiere en hierdie stunt was beslis 'n vinnige manier om my af te skrik."

Sy begin verder stap. Hopelik skrik dit hom ook af.

"Inneke Viljoen." Haar naam oor sy lippe weergalm teen elke gebou, boom en onnie se kar vas.

Haar skouerspiere trek saam en dit voel of haar hart by haar borskas gaan uitklim. Het hierdie siel nie einde nie? Nog voordat sy kan sien wat op haar wag, staan hy langs haar met een van die skoolhoof se spogrose.

"Ek's jammer." Hy druk die roos bewerig agter haar oor in. "Dit was 'n dick move. Kom asseblief saam met my uit vanaand? Al is dit net sodat ek hieroor kan jammer sê."

Sy sluk. Die aandag wat skielik op haar is, versmoor haar en dit help nie dat al sy vriende juig en handeklap nie. "Jy gaan nie opgee nie, gaan jy?"

Hy skud sy kop maar voor hy haar kan antwoord, vibreer haar foon. Sy lig die ding en skakel die skerm aan. Net om die boodskap van die vrou in naam wat haar ma is, te sien.

> Ons gaan uit. Vermaak jouself. Moenie wag vir ons nie. PS. Bel 'n uber om jou by die skool te kom haal vanmiddag.

"Ek moet 'n flippen uber bel, Ma?" Sy wil skree. Haar oë brand en haar hande bewe. As daar een persoon is wat sy met alles in haar haat …

"Inneke?"

Sy kyk op en vas in Logan se gesig wat haar met 'n nuwe intensiteit aanstaar. Het sy wragtig so pas hardop met haar ma baklei?

Om alles erger te maak rol 'n warm traan oor haar wang. Dít haat sy nog meer, dat sy toelaat dat haar ma haar steeds in trane kry. Teen dié tyd moet sy immers al immuun wees teen Zelda se stunts.

Logan vou sy hand om haar gesig en vee die traan saggies met sy duim af. "Is jy oukei?"

"Laai my sesuur vanaand op." Die woorde is vinnig uit. Sy kan een aand oorleef saam met die windgatste ou wat sy in 'n lang tyd ontmoet het, maar die vernedering om te antwoord op "Is jy oukei?" is nie iets waarvoor sy kans sien nie.

Hy knik. "Ons maak dit direk ná skool. Ek sal jou by die huis gaan aflaai en as jy daarna dalk iets wil gaan doen, kan ons." Hy kyk 'n rukkie stil na 'n stofkol op die grond. "Ek weet nie of dit jou sal laat beter voel nie, maar my ouers het daardie selfde boodskap ook al 'n paar keer vir my gestuur voordat ek my eie kar gekry het."

Sy glimlag effens. "Dankie. Dit help om te weet dit gebeur met ander mense ook."

"Logan!" Die donkerkopseun wat dit skree, trek hulle aandag dadelik.

"Yes, ou, wag net," skree Logan terug en kyk weer vinnig na haar. "My vriende se timing suck. Jy sal verbaas wees dat dit gereelder met ons klomp gebeur, die uber-ding." Hy skuif sy voete 'n paar keer rond. "So, ek sien jou dalk deur die dag." Hy wys met 'n kopbeweging na haar selfoon. "Hou jou foon asseblief dop. Ek kan minder windgat boodskappe ook stuur. As ek lus is."

"Ek's nie noodwendig oortuig daarvan nie."

Sy lag weergalm oor die skoolterrein. "Dan het ek iets om te bewys."

Hy gee haar 'n vinnige, onsekere drukkie om te groet. Sy arm wat om haar skouers vou en haar nader trek, al is dit net vir 'n oomblik, laat tyd weereens rondom hulle stilstaan. Haar mond word droog en alle klank word deur haar hartklop uitgedoof.

Hy staan stadig weg en gee 'n paar treë agteruit.

"Welkom in Centurion, Inneke," is sy laaste woorde voordat hy in die see van matrikulante verdwyn.

Die juffrou praat al tien minute lank oor dieselfde ding. Inneke se aandag dwaal. Sy krap in haar boek. Gelukkig is hierdie deurmekaar week verby en ten minste het sy haar eerste skooldag hier soort van oorleef.

Sy gaap en trek haar selfoon nader. Dieselfde boodskap van net ná pouse is steeds nie gelees nie.

Logan van Greeff – *Die hotste ou in die skool* – gluur haar aan.

Sy laat haar vinger daaroor gly en lees dit uiteindelik: *Ek sien uit na vanmiddag*. Sy staar weer voor haar uit. Haar oë is seker pieringgroot. Vanmiddag gaan sy saam met Logan uit. Sy't al heeltemal daarvan vergeet.

"Hallo, Juffrou."

Inneke kyk stadig op. In die deurkosyn staan Logan, die ligtekop met die heldergroen oë.

Die juffrou se gesig helder amper dadelik op. Sy trek haar skouers reguit, stryk haar kniehoogte romp plat en glimlag van oor tot oor. "Logan." Sy rek sy naam lank uit. "Waarmee help ek jou?"

"Ek is op soek na Inneke Viljoen, Juffrou. Kan sy dalk sommer haar tas saambring? Die klok gaan nou lui."

Inneke se mond val effens oop. Hy draai wragtig selfs die onnies om sy vingerpunte.

"Pst."

Voor Inneke sit een van daai superharde, ongeskikte meisies wat dink die wêreld moet voor haar buig. Wilmie, of so iets. Haar lang blonde hare hang in 'n deurmekaar poniestert teen haar rug af en sy draai die punte daarvan om haar vingers.

Inneke knik, maar hou haar oë op Logan in die hoop dat hy haar beneuktheid sal raaksien.

"Is dit waar dat julle saam is?"

Wilmie se vraag trek Inneke se aandag dadelik van Logan af. "Saam? Soos in date saam?"

Wilmie knik en 'n paar van die ander meisies wag aandagtig vir Inneke se antwoord.

"Ek en Logan?"

Dié keer knik die hele klomp.

"Julle is darem maar 'n klomp nuuskierige henne." Dis een van die seuns. "As die Bay Kids hulle vingers klap of hemde uittrek, drool die lot van julle." Sy donker hare bons saam met die dramatiese beweging van sy hand.

"En jy drool nie, Bastiaan? Jy weet hoe goed Logan gebou is."

Bastiaan haal sy skouers op. "Dol, ek drool oor 'n ander ene."

Die lot van hulle giggel, word stil en kyk stip na Inneke wat hulle verward aanstaar.

Bastiaan staar met 'n breë glimlag in die verte en dit lyk kompleet of hy 'n prentjie van een van die Bay Kids in sy geestesoog sien.

Hy draai na haar. "Bay Kids is die groep wat in die Riverside Bay Estate hier anderkant die skool bly, Inneke. Hulle ouers het meer geld as breins met hoe baie hulle daai klomp toelaat, maar ons kla nie. Dit het al baie geleenthede geskep waarin ons hulle hemplose lywe van die kantlyn af op sosiale media kon aanskou."

"So, is julle saam?"

Nog voordat Inneke vir Wilmie kan antwoord, weerklink die onderwyseres se stem suikersoet deur die klas. "Inneke, jy moet blykbaar saam met Logan kantoor toe stap. Vat sommer jou tas saam. Die klok lui oor tien minute en dit klink my jy gaan nie betyds terug wees nie."

Inneke trek haar lippe in 'n dun lyn, maar pak haar goed gehoorsaam weg. "En nee, ons is beslis nie saam nie." Sy ruk haar tas boontoe en sit dit met 'n slag op haar tafel neer.

"Could have fooled everyone." Wilmie gee haar 'n vuil kyk totdat sy verby Logan stap. "Of is jy maar net supervriendelik, Logie?"

Die bynaam maak Inneke naar. Logie? Goeie hel. Van alles wat hulle die arme man kan noem …

"Kom nou, dames. Wanneer was ek al ooit onvriendelik?"

Logan se antwoord veroorsaak dat al die meisies in die klas gelyktydig giggel en bloos.

"Gaan jy by jou fan club bly staan of saam kantoor toe stap, Logan? Of mag ek dit alleen doen?"

Logan se oë rek. Hy tuit sy mond en sukkel om sy lag weg te steek. "Lyk my ek moet gaan, dames. Soet wees die naweek, nè."

Inneke rol haar oë en stap by die klas uit. Hoe kan een mens so vol van homself wees? Glo dat hy die beste ding op hierdie aardbol is? Sy skop 'n los klippie dat dit meters voor haar uittrek en stap in die rigting van die kantoor. Dit was blerrie simpel van haar om in te stem om saam met hom uit te gaan vanmiddag.

Flip jou, Zelda Martins née Viljoen!

As dit nie vir haar ma was wat haar al weer net so by die skool gelos het nie, het sy nooit ingestem nie en het haar middag anders verloop.

"Waarheen mission jy?" Hy vou sy hande een-een om haar skouers sodat sy moet gaan staan.

"Kantoor." Inneke draai om en word stil.

Sy oë bly op haar gesig en hy vee liggies oor haar gesig.

Dit gaan beslis nie enige skinderstories stilmaak nie.

Haar hart klop in haar ore en haar keel word so droog dat haar stem net 'n growwe piep is. "Waarheen anders sal ek gaan?"

"Na my kar toe." Hoendervleis begin weer oor haar vel kielie onder sy vingerpunte teen haar arm. Hy lek sy lippe effens nat en lig haar ken.

"Die klok het nog nie gelui nie."

Hy antwoord haar glad nie. Sy regterhand bly warm om haar gesig terwyl hy aandagtig na haar kyk.

"Dis die idee." Sy stem bewe. Hy trek sy wenkbroue saam, sluk en gee 'n tree van haar af weg. "Ek wil … uhm … ry voordat die klok lui. Oor 'n paar van ons vra niemand vrae nie."

Sy onthou Bastiaan se woorde. "Bay Kids?"

Hy knik, skud sy kop asof vir homself en stap in die rigting van die matrieks se parkering. "Wat het jy van ons gehoor?"

"Julle ouers laat julle heeltemal te veel toe," kry sy dit uiteindelik uit en stap vinnig agter hom aan.

Hy kyk na haar vanuit die hoek van sy oog. "En?"

"Dat ons in dieselfde estate bly."

Logan gaan staan doodstil in die middel van nêrens. Die glimlag wat om sy mondhoeke speel, is 'n vreemde kombinasie van nuuskierigheid en verbasing. "Natuurlik is jy 'n Bay Kid." Hy haal sy karsleutel uit en loop met 'n skerp draai om die hoek van 'n klaskamerblok.

"Wat beteken dit?" Skielik verstaan sy waarom die skool 'n paar van hulle toelaat om te maak soos hulle wil.

In 'n parkeerarea, afgesper van die ander matriekkarre, staan vyf karre wat jy net op motorprogramme sal sien. Spogsportmotors in die helderste blink kleure.

En hy stap reguit na 'n bloedrooi klassieke nommertjie wat haar asem wegslaan.

"Dis 'n 1967-Morgan 4/4."

Logan se mond val byna oop. "Ek's beïndruk. Min dat meisies enigiets van karre weet."

Sy stap om die kar en laat haar vingerpunte saggies oor die

voorligte, verby die ronde spieëltjies en tot by die deur gly. Haar hand word stil toe sy Logan se hand raakvat wat reeds om die passasiersdeur se handvatsel vou.

"Waar het jy van karre geleer?" wil hy verbaas weet.

"My pa was lief vir karre. Hy't vir my 'n Chevrolet Bel Air gelos."

Hy wag geduldig vir haar om in te klim voor hy hulle tasse in die kattebak laai en hom agter die stuurwiel tuismaak.

Die binnekant van die kar is in 'n puik kondisie. Roomkleurige leer is netjies om elke sitplek gestik en dieselfde kleur rond dele van die binnekant netjies af.

"Wat het met hom gebeur, jou pa?" Hy draai vinnig na haar. "As ek mag vra. As nie, ignoreer dit net."

Sy maak die sitplekgordel vas. Haar pa ... Sy blaas haar asem langsaam uit. "Jy mag, maar ek weet self nie."

Sy glimlag is een wat sy haat: simpatie. Was dit nie die punt van hierdie hele klug van 'n date nie? Om juis te keer dat hy haar so aankyk.

Sy trek haar skouers bymekaar en plak 'n vals glimlag op haar gesig. "Dis oukei, regtig," lieg sy. "Ek het hom nooit leer ken nie, want hy is dood voor ek leer loop het."

Sy gesigsuitdrukking verander van simpatie na verligting. "Dis seker een voordeel van so iets."

Duidelik wil hy nog iets sê, maar hy bly stil en ry by die skoolhek uit.